

COVID-19: WEES VERSEKER VAN 'N VEILIGE TERUGKEER NA DIE WERKPLEK

Hierdie riglyn is ontwikkel deur Business for SA ter verduideliking van die WGV Direktief wat op 29 April 2020 uitgereik is. Afrikaanse vertaling deur Agri SA.

Werkgewers met **MEER as 10 werkers** moet die volgende maatreëls implementeer:

ADMINISTRATIEF



Doen **risikobepalings** vir Covid-19 spesifiek vir die werkplek (verwys na die Risk Assessment Guides soos gepubliseer deur die Nasionale Departement van Gesondheid).

As die wrrkgewer **meer as 500 werknemers** in diens het, **dien 'n rekord van die risiko assessering met die geskrewe beleid** oor die handhawing van die gesondheid en veiligheid van werknemers ten opsigte van C19 by die **werkplek-veiligheidskomitee**, sowel as die **Departement van Arbeid en Indiensneming** (by die provinsiale inspekteur soos aangedui op die departement se webwerf).

Lig die werknemers in oor die inhoud van die Direktief en hoe dit implementeer sal word.

Stel werknemers in kennis dat indien hulle siek is of simptome wat verband hou met Covid-19 toon, hulle nie werktoe moet kom nie en **siekverslof** moet neem ingevolge artikel 22 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (BCEA).

Stel 'n bestuurder aan om werkers se kwelpunte aan te spreek en beraadslaag met gesondheids- en veiligheidsvertegenwoordigers/komitees oor die gevare asook die maatreëls wat geneem moet word.

Stel maatreëls in om kontak tussen werkers, asook tussen werkers en lede van die publiek, te **minimaliseer**.

Beperk die getal werkers deur middel van rotasie, gespreide werkure, skofstelsels, werkverrigting vanaf hul huise, ens.

Voorsien werknemers van **inligting** oor die gevare van die virus en hoe dit versprei, asook maatreëls om verspreiding te voorkom, bv. persoonlike higiëne, sosiale afstandhouding, die gebruik van maskers, waar om te gaan vir sifting, ens.

Indien 'n werknemer met C-19 gediagnoseer word, skakel die **Departement van Gesondheid se COVID hulplyn by: 0800-02-9999, en die Departement van Arbeid en Indiensneming**

Indien 'n werknemer met C-19 gediagnoseer word, **ondersoek** die oorsaak, insluitend enige mislukking in werkplek-kontrole, en **hersien die risiko assessering** om te verseker dat die nodige kontrole en persoonlike beskermende toerusting in plek is.

Gee **administratiewe ondersteuning** aan enige **kontakopsporing maatreëls** wat deur die Departement van Gesondheid ingestel sou word.

Maak seker dat daar **streng** aan die maatreëls wat deur die Direktief vereis word, sowel as die werkgever se risiko-assessering voldoen word deur **monitering en toesig**.

COVID-19: WEES VERSEKER VAN 'N VEILIGE TERUGKEER NA DIE WERKPLEK

Hierdie riglyn is ontwikkel deur Business for SA ter verduideliking van die WGV Direktief wat op 29 April 2020 uitgereik is. Afrikaanse vertaling deur Agri SA.


Werkgewers met **MEER as 10 werkers** moet die volgende maatreëls implementeer:

SOSIALE AFSTANDHOUDING

Rig die werkplek sodanig in om **minimale kontak** tussen wernemers te verseker, en verseker ook so ver as prakties moontlik dat daar 'n spasie van **ten minste 1,5m** tussen werkers is terwyl hulle hul werk verrig.

Indien dit nie prakties is om die werkplek in te rig sodat werkers 1,5m van mekaar sit nie, rig **fisiese afskortings** tussen die werkstasies op of voorsien die werkers gratis van die toepaslike persoonlike beskermingstoerusting (PPE).

Verseker dat sosiale afstandhoudingsmaatreëls gehandhaaf en implementeer word deur **toesig** te hou oor die werkplek en gemeenskaplike areas asook deur toustaan-beheer, gespreide werkpouses, ens.



COVID-19: WEES VERSEKER VAN 'N VEILIGE TERUGKEER NA DIE WERKPLEK

Hierdie riglyn is ontwikkel deur Business for SA ter verduideliking van die WGV Direktief wat op 29 April 2020 uitgereik is. Afrikaanse vertaling deur Agri SA.

Werkgewers met **MEER as 10 werkers** moet die volgende maatreëls implementeer:

GESONDHEID EN VEILIGHEID

IDENTIFISERING VAN SIMPTOME

Stel maatreëls in om **vas te stel** of enige werker wat vir diens aanmeld **opsigtelike simptome** wat verband hou met Covid-19 toon (hoes, seerkeel, bloedbelope oë, kort van asem, ens.).

Vereis dat elke werker met simptome soos 'n seer liggaam, reuk- en smaakverlies, naarheid, braking, diarree, swakheid of moegheid, **sodanige simptome verklaar**.

Vereis dat werknemers onmiddellik die werkgever in kennis stel indien hulle simptome wat verband hou met Covid-19 ervaar.

Indien 'n werker **tipiese Covid-19-simptome toon**-

- moet sodanige werker toegang tot die werkplek geweier word en verhoed word om aan te meld vir diens;
- wanneer hy/sy reeds by die werk is, moet hy/sy onmiddellik geïsoleer word en reëlings getref word vir die werker om vervoer te word op só 'n wyse dat ander werkers of lede van die publiek nie in gevaar gestel word nie, met die oog op self-isolering of 'n mediese ondersoek;
- verseker dat die werker verwys word na 'n geïdentifiseerde toetsterrein;
- moet die werker op betaalde siekverlof geplaas word, of indien siekverlof reeds opgebruik is, moet daar aansoek gedoen word by die Werkloosheidsfonds vir siektevoordele;
- mag daar nie teen die werker gediskrimineer word op grond van die feit dat hy/sy positief getoets het vir Covid-19 nie;
- moet 'n risikobepaling onmiddellik gedoen word en, indien nodig, moet die afdeling of area waar die werker werk het gesluit word. Hierdie area en die werker se werkstasie moet ontsmet word en ander werkers wat in daardie area gewerk het moet verwys word vir 'n mediese ondersoek.

Indien 'n werker **gediagnoseer** is met Covid-19 en **geïsoleer** moet word ingevolge die Departement van Gesondheid se Riglyne, mag hy of sy slegs terugkeer werk toe indien-

- hy of sy 'n mediese ondersoek ondergaan het wat bevestig dat hy/sy negatief getoets het vir Covid-19;
- die werker te alle tye 'n chirurgiese masker dra vir die oorblywende tydperk van 21 dae vanaf die datum van die aanvanklike diagnose;
- die werkgever verseker dat die werker voldoen aan die sosiale afstandhoudingsreëls, higiëne en hoes-etiket;
- die werkgever die werker moniteer vir simptome nadat hy/sy terugkeer werk toe.

Vereis dat werknemers **gereeld hul hande was en saniteer** terwyl hulle by die werk is.



COVID-19: WEES VERSEKER VAN 'N VEILIGE TERUGKEER NA DIE WERKPLEK

Hierdie riglyn is ontwikkel deur Business for SA ter verduideliking van die WGV Direktief wat op 29 April 2020 uitgereik is. Afrikaanse vertaling deur Agri SA.

Werkgewers met **MEER as 10 werkers** moet die volgende maatreëls implementeer:

GESONDHEID EN VEILIGHEID

REINIGERS



Handreinigers moet ten minste **70% alkohol** bevat.

Maak seker dat daar voldoende hoeveelhede handreiniger gratis beskikbaar in die werkplek is.

Voorsien werkers wat **weg van die werkplek werk verrig** anders as by die huis, met 'n voldoende voorraad handreiniger.

Indien **werkers met lede van die publiek** werk moet hulle voorsien word van voldoende voorrade handreiger by die werkstasie vir beide die werker en die persoon met wie hy/sy kontak het.

Stel maatreëls in om te verseker dat **alle oppervlaktes en toerusting ontsmet** word voordat werkverrigtinge begin, asook gereeld gedurende die werkstyd en aan die einde van die werksdag.

Stel maatreëls in om te verseker dat alle areas soos toilette, gemeenskaplike areas, deurhandvatsels en gedeelde elektroniese toerusting **gereeld skoongemaak en ontsmet** word.

Maak seker dat daar genoeg geriewe is om **hande met seep en skoon water te was**.

Maak seker dat **papierhanddoeke** voorsien word om nat hande af te droog. **Laphanddoeke word verbied**.

Vereis dat werknemers gereeld hul **hande was en ontsmet terwyl julle aan diens is**.

Gee opdrag aan werknemers wat **met lede van die publiek werk** om hul hande tussen elke interaksie te ontsmet.

Maak seker dat die **oppervlaktes** waarmee werknemers en lede van die publiek in kontak kom gereeld skoongemaak en ontsmet word.

COVID-19: WEES VERSEKER VAN 'N VEILIGE TERUGKEER NA DIE WERKPLEK

Hierdie riglyn is ontwikkel deur Business for SA ter verduideliking van die WGV Direktief wat op 29 April 2020 uitgereik is. Afrikaanse vertaling deur Agri SA.

Werkgewers met **MEER as 10 werkers** moet die volgende maatreëls implementeer:

GESONDHEID EN VEILIGHEID

LAPMASKERS EN PERSOONLIKE BESKERMINGSTOERUSTING (PPE)

Op 9 April 2020 het die Departement van Gesondheid aanbeveel dat **alle mense lapmaskers in die openbaar moet dra** om die verspreiding van Covid-19 te verhoed. Die rede hiervoor is veral omdat asimptomatiese persone besmet kan word met die virus.

Werkgewers moet **ten minste twee lapmaskers gratis** aan elke werknemer voorsien.

Vereis dat **alle werkers**, hetsy dit die werkgever se eie werknemers is al dan nie, **lapmaskers in die werkplek dra**.

Die **getal en vervanging** van lapmaskers wat aan werknemers verskaf moet word, moet bepaal word in die lig van enige **sektorale riglyn en volgens die aard van die werknemer se werk**.

Maak seker dat werkers **ingelig word, instruksies ontvang en opgelei word** aangaande die **veilige en gesonde gebruik** van gesigmaskers.

Tref toepaslike reëlings vir die **was, uitdroging en stryk van lapmaskers**, of, indien dit nie redelikerwys prakties is nie, **maak voorsiening vir geriewe** waar die werkers die lapmaskers in die werkplek kan was en uitdroog.

In toepaslike omstandighede moet **sekere kategorieë werkers** voorsien word van **mediese, chirurgiese of ander tipe maskers, skerms of ander persoonlike beskermingstoerusting**.

Besoek die webwerwe van die Nasionale Instituut vir Aansteeklike Siektes en die Nasionale Instituut vir Beroepsgesondheid en -Veiligheid gereeld om te bepaal of addisionele persoonlike beskermingstoerusting aanbeveel word gegewe die aard van die werkplek en die werker se pligte.



COVID-19: WEES VERSEKER VAN 'N VEILIGE TERUGKEER NA DIE WERKPLEK

Hierdie riglyn is ontwikkel deur Business for SA ter verduideliking van die WGV Direktief wat op 29 April 2020 uitgereik is. Afrikaanse vertaling deur Agri SA.

Werkgewers met **MEER as 10 werkers** moet die volgende maatreëls implementeer:

GESONDHEID EN VEILIGHEID

LEDE VAN DIE PUBLIEK

Afhangend van wat redelikerwys prakties is, rig die werkplek sodanig in om te verseker dat daar 'n afstand van ten minste **1.5m tussen werkers, asook tussen werkers en lede van die publiek is.**

Indien redelikerwys prakties, moet **fisiese afskortings** opgerig word of werknemers moet voorsien word van maskers of gesigskerms.

Indien redelikerwys prakties en van toepassing, moet **siftingsmaatreëls** ingestel word vir persone – anders as werknemers – wat die werkplek betree.

Indien van toepassing, moet **kennisgewings aangebring** word wat persone, anders as werknemers, wat die werkplek betree inlig oor die voorsorgmaatreëls waaraan hulle moet voldoen terwyl hulle in die werkplek vertoef, en moet **lede van die publiek**, insluitend verskaffers, verplig word om **maskers op die perseel te dra.**




GESONDHEID EN VEILIGHEID

VENTILASIE

Sorg dat die werkplek **goed geventileer** is op natuurlike of meganiese wyse om Covid-19-infeksie te verminder.

Waar redelikerwys prakties, moet daar 'n doeltreffende **lokale ekstraksie-ventilasiestelsel** wat gereeld skoongemaak en gediens word in plek wees.


Maak seker dat **filters skoongemaak en vervang** word volgens die vervaardiger se aanwysings.



COVID-19: WEES VERSEKER VAN 'N VEILIGE TERUGKEER NA DIE WERKPLEK

Hierdie riglyn is ontwikkel deur Business for SA ter verduideliking van die WGV Direktief wat op 29 April 2020 uitgereik is. Afrikaanse vertaling deur Agri SA.

Werkgewers met **MINDER as 10 werkers** in diens moet:



Die werkplek sodanig inrig dat die werknemers ten minste **1.5m van mekaar af sit** of, indien dit nie redelikerwys prakties is nie, **fisiese afskortings** tussen hulle oprig om moontlike oordrag van die virus te verhoed.



Verseker dat werknemers wat Covid-19-simptome toon **nie toegelaat word om te werk nie**.



Onmiddellik die **noodlyn (0800 02 9999) skakel** vir instruksies en die werknemer opdrag gee om volgens sodanige instruksies op te tree.



Lapmaskers voorsien of vereis dat die werknemers een of ander vorm van bedekking oor hul monde en neuse dra terwyl hulle aan diens is.



Elke werknemer voorsien van **handreigers, seep en skoon water om hul hande te was**, asook **ontsmetmiddels om hul werkstasies te ontsmet**.



Verseker dat elke werknemer hul **hande met seep en water was** en ook gereeld hul hande ontsmet.



Verseker dat **werkstasies gereeld ontsmet word**.

Versuim om te voldoen aan die Direktief hou die risiko in dat die werkgever vervolg kan word ingevolge die OHSA.

Die strafmaatreëls en boetes soos uiteengesit in artikel 30 van die OHSAS sal van toepassing wees.